

**21 Augustus**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 4:1-16**  
**Fokusgedeelte: Efesiërs 4:1-16**

**Bou die kerk op in liefde**

Die kerk is God se kunswerk en daarom moet kerkmense na buite wys wie hulle is. Die atmosfeer waarin die kerk kan lewe en groei in krag en getalle, is die liefde. Waar twiste en onvrede en agterdog in die kerk is, versmoor gelowiges.

Die Heilige Gees het die eenheid tussen gelowiges en God en gelowiges onderling gesmee. Hierdie eenheid kan gehandhaaf word waar gelowiges in vrede met mekaar lewe. God Drie-enig is diebeeld van eenheid. Daar is net één Vader, één Here Jesus Christus en één Heilige Gees en daarom eenheid in die kerk.

Om eenheid te versterk, gee God, op grond van Christus se oorwinning, gawes aan elke gelowige asook gawes aan die gemeente, naamlik predikante, ouderlinge en diakens. Hulle moet die lidmate toerus en help om hulle dienswerk te doen sodat die kerk werklik een in kennis en geloofsoortuiging sal wees, volledig deur Christus beheer. Wanneer die kerk verdeeld raak, kan gelowiges maklik rondgeslinger word tussen dwalinge en kan hulle só fanaties veg vir die waarheid dat haat tussen gelowiges kan ontstaan.

Nee, gelowiges moet so groei dat hulle in die atmosfeer van liefde die waarheid bedink en praat en verkondig. Dan groei hulle na Christus toe, want die einddoel van groei is om sy beeld te vertoon. Dan groei ons uit Christus wat ons groeikrag gee om mekaar in liefde op te bou.

Hoe gebruik jy die gawe wat God jou gegee het? Hoe hanteer jy verskille met medegelowiges in jou gemeente en met gelowiges uit ander gemeentes? Mag jy altyd in liefde by die waarheid bly!

*Sing: Skrifberyming 21:1, 5, 6*

*Prof. BJ de Klerk (Emeritus)*